**Publication:** Beeld
**Title:** Kenners het min hoop vir VN-resolusie
**AVE:** 51762.84

**Page:** 8
**Publish Date:** 27 March 2024
**Author:** Gert van der Westhuizen en Werner Beukes

ISRAEL EN SKIETSTILSTAND

# Kenners het min hoop vir VN-resolusie

## CR: 'Dít lê grondslag vir verdere gesprekke'

**Gert van der Westhuizen** en **Werner Beukes**



Tenks van Israel steeds in aksie in Gasa, ondanks die resolusie van die Verenigde Nasies dat 'n skietstilstand onmiddellik in Gasa ingestel moet word. Foto: REUTERS

Die resolusie oor 'n onmiddellike skietstilstand in Gasa is 'n groot toets vir die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies (VN) se gesag en legitimiteit, hoewel kenners meen dit is nie juis opdwingbaar nie en dat Israel hom waarskynlik nie daaraan sal steur nie.

Die resolusie, waarin 'n skietstilstand gedurende die maand lange Ramadaan gevra is, dui wel op die verslegtende betrekkinge tussen Israel en Amerika. Die Amerikaners het buite stemming gebly toe die Veiligheidsraad daaroor gestem het. Dit kan vir Israel baie probleme op die hals haal.

Pres. Cyril Ramaphosa het die aanvaarding van die resolusie gister verwelkom.

"Ons moet die geleentheid wat dit bied, aangryp om 'n stewige grondslag te lê vir 'n permanente skietstilstand en die hervatting van onderhandelinge. Ons moet die slagting stopsit en die pad na vrede stap," sê hy in 'n verklaring.

Hy vra die Veiligheidsraad om toe te sien dat alle partye die resolusie gehoorsaam.

"Suid-Afrika bly bekommerd dat daar in die vyf maande sedert die konflik uitgebreek het, duisende mense, onder wie meer as 13 000 kinders, dood is."

Ramaphosa sê meer humanitêre hulp moet ook aan die mense van Gasa verskaf word.

Prof. Theo Neethling, kenner van internasionale politiek aan die Universiteit van die Vrystaat, sê multilaterale instellings soos die VN sukkel in die hedendaagse verdeelde wêreld om behoorlik te funksioneer. Dit sal 'n groot toets vir die Veiligheidsraad se gesag en legitimiteit wees.

Hy stem saam met ander kenners dat die resolusie nie opdwingbaar is nie en dat daar in die woorde van prof. André Duvenhage, politieke ontleder aan die Noordwes-Universiteit, nie veel van gaan kom nie.

"Ons almal weet Israel sal hom nie daaraan steur nie," sê prof. Jo-Ansie van Wyk, kenner van internasionale politiek aan Unisa.

"Die gevolg sal wees dat die oorlog net langer duur."

Dit ry ook al klaar vredespogings in die wiele.

Van Wyk en Neethling sê die VN het nie juis genoeg tande om die resolusie op te dwing nie en sal straks later ander strafmaatreëls moet oorweeg.

Hulle wys daarop dat dit maklik is om sulke strafmaatreëls, wat hoofsaaklik sanksies sal behels, te omseil. Rusland doen dit en Suid-Afrika het dit ook in die tyd van apartheid gedoen.

Dit is tog belangrik dat die VN verder sal optree as Israel die resolusie ignoreer, sê prof. Dirk Kotzé, politieke ontleder aan Unisa.

Die feit dat Amerika buite stemming gebly het, is 'n duidelike bewys dat die betrekkinge tussen hom en Israel versleg.

Deur buite stemming te bly, het Amerika 'n duidelike boodskap aan Israel oorgedra dat sy optrede in Gasa nie meer regverdigbaar is nie, sê prof. Theo Venter, politieke ontleder aan die Universiteit van Johannesburg.

"Daar is 'n breuk tussen Benjamin Nethanyau (premier van Israel) en pres. Joe Biden van Amerika," sê Jaco Kleynhans, Solidariteit se hoof van internasionale skakeling.

Dit beteken dat Israel net verder geïsoleer sal word en dat Nethanyau waarskynlik sy pos kwyt sal wees.

Neethling sê Israel het nie baie vriende oor nie.

Volgens kenners is Biden in 'n moeilike situasie met die Amerikaanse presidentsverkiesing op die horison. Hy word deur linkses gedwing om strenger teen Israel op te tree, maar moet ook sorg dra dat hy nie die konserwatiewes afskrik nie.

Boonop word druk op Biden uitgeoefen deur die dwingende wêreldmening waarin Suid-Afrika 'n groot rol gespeel het en Joodse drukgroepe in Amerika, sê Venter.


The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.